Republikein
Jou land. Jou taal. Jou koerant.

# Horingsmokkelaar met halfmiljoen beboet

## Twee Angolese vas

11 March 2021 | Misdaad




1.

0 0 0

Francoise Steynberg – 'n Renosterhoringsmokkelaar, Robertos Ipingi, is 'n stewige boete van N$500 000 of twee jaar tronkstraf opgelê.

Ipinge is verlede Vrydag in die Otjiwarongo-landdroshof gevonnis ná hy in Augustus 2019 skuldig bevind is aan die onwettige besit van en handel in een renosterhoring, asook op die oortreding van die georganiseerde misdaadwet (Poca).

Die saak spruit voort uit Ipinge wat op 11 Augustus 2019 saam met drie ander mans naby die Otjozondjupa-streekraad op Otjiwarongo met vars afgesaagde renosterhorings in hul besit deur geheime polisiebeamptes in hegtenis geneem is. Die verdagtes wou glo die horings verkwansel.

Boonop het die polisie beslag op twee luukse voertuie gelê. Die BMW 320I met registrasiemerk SUNAKE NA is nou verbeurd aan die staat verklaar, omdat dit tydens die renosterhoringsmokkelary gebruik is.

Nóg twee Namibiese wildmisdadigers is in die Omaruru-landdroshof gevonnis nadat hulle ’n lewende ietermagô in Augustus 2019 gesmokkel het.

Benjamin Unanisa Kambombo en Vaapi Florin Mukandi is verlede Dinsdag tot ’n boete van N$4 000 gevonnis waarvan N$2 000 opgeskort is, of tronkstraf van 12 maande waarvan ses maande vir vyf jaar opgeskort is.

Volgens die weeklikse wildmisdaadverslag van die Namibiese polisie en die ministerie van die omgewing, bosbou en toerisme is ses vermeende wildmisdadigers verlede week in verband met vyf sake in hegtenis geneem.

Twee van die verdagtes word met renosterstropery of horingsmokkelary verbind en een aan olifantstropery of ivoorsmokkelary.

’n Angolese burger, mnr. Joaquim Soma en ’n Namibiër, mnr. Correia Matheus Gayeta, is verlede Saterdag glo met ’n renosterhoring in hul besit op Otjiwarongo in hegtenis geneem.

Nóg ’n Angolese burger, mnr. Jeremias Hilifavali, is verlede Donderdag op Omuthiya glo met ’n luislangvel in sy besit vasgetrek.

Op Onesi is mnr. Natangwe Emmanuel Paulus verlede Vrydag na bewering met ’n stuk olifantvel in sy besit betrap.

Twee verdagtes, mnre. Muronga Hamutima en Matheus Mbanze, is verlede week op Rundu glo elk met ’n ietermagôvel in hul besit in hegtenis geneem.

– francoise@republikein.com.na